# ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Private Bag X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Fax: 011 262 2656

4 Junie 2013

Geagte Belegger

**ORTHOTOUCH BEPERK ("ORTHOTOUCH") & HIGHVELD SYNDICATIONS 15 – 22 BEPERK ("ONDER ONDERNEMINGREDDING") ("DIE HIGHVELD SYNDICATION-MAATSKAPPYE" OF "DIE HS-MAATSKAPPYE" OF "HS15-22")**

1 Kort ná my laaste korrespondensie aan u is die rentebetalings in HS15 tot HS21 tot einde Februarie 2013 gedoen en die helfte van die rente vir HS22 tot op daardie datum betaal. Ek is bly om u mee te deel dat rentebetalings vir HS15–21 vir 31 Maart 2013 (wat op 7 April 2013 betaalbaar was) nou op datum is, en dat ons daaraan werk om die rente vir al die HS-maatskappye heeltemal op datum te bring.

2 Die notering van 'n nuwe entiteit ("Listco") wat voor hande is, het 'n mate van verwarring en selfs 'n geskarrel onder beleggers in die HS-maatskappye ("die HS-beleggers") veroorsaak. Dit het ook die persone wat graag wil hê dat ons moet misluk ("die saboteurs") die geleentheid gebied om hul duister agenda te probeer bevorder. Gevolglik het ons vrae en kommentare soos die volgende ontvang:

- Wanneer gaan ek my aandele in die genoteerde maatskappy ontvang?
- Indien die notering in April plaasgevind het, hoekom is ek nog nie betaal nie?
- Hulle het ons bates verminder om hul notering te bevorder.
- Die notering is 'n vertragingstaktiek en sal nooit realiseer nie.

3 Dit is dus nodig dat ek opnuut die notering, die wyse waarop dit Orthotouch beïnvloed en al die HS-beleggers bevoordeel weer uiteensit.

4 Dit is belangrik om dit vanuit die staanspoor duidelik te maak dat dit Listco is – en nie die HS-maatskappye of Orthotouch nie – wat besig is om genoteer te word.

5 Die opsomming van gebeure wat volg is duidelik in die Ondernemingreddingsplan uiteengesit en in verskeie korrespondensiestukke sedertdien verduidelik:

5.1 Die HS-maatskappye en verwante maatskappye het vroeg in 2011 finansieel in die moeilikheid beland en kon nie daarin slaag om vol te hou met rentebetalings aan beleggers nie;

5.2 Die uitdagings het hoofsaaklik ontstaan weens 'n dispuut oor die betaling van fondse vir eiendomme wat Zephan Properties (Edms) Bpk ("Zephan") aan 'n maatskappy genaamd Bosman & Visser (Edms) Bpk ("B&V") verkoop het, soos wat die Ondernemingreddingsplan omvattend verduidelik het;

5.3 'n Groot risiko het bestaan dat B&V moontlik gelikwideer koan word, wat op sy beurt tot die likwidering van die HS-maatskappye sou lei, wat beslis 'n wesenlike verlies aan rente en kapitaal vir die HS-beleggers sou beteken;

5.4 In Maart 2011 is 'n ooreenkoms tussen al die rolspelers beklink wat behels het dat 'n rakmaatskappy, Orthotouch Beperk, al die HS-maatskappye se eiendomme (as een onverdeelbare eenheid) sou bekom,

met dien verstande dat die koopsom aan die einde van ’n vyfjaartydperk betaal sou word, en dat rente – wel teen ’n verlaagde koers – maandeliks aan die HS-beleggers betaal sou word;

5.5 Hierdie plan was ’n reddingspoging om die dramatiese verliese te voorkom wat sou volg indien die maatskappye gelikwideer moes word;

5.6 Hoewel likwidering geensins die HS-beleggers sou bevoordeel nie, het die saboteurs weens eiebelang dit met hul agenda probeer bewerkstellig. Trouens, hulle probeer steeds die proses belemmer;

5.7 Die “Orthotouch-transaksie” was onderhewig aan goedkeuring deur die destydse Paneel oor Sekuriteiteregulering en ’n Algemene Vergadering van die HS-beleggers;

5.8 Voordat goedkeuring verkry kon word, is ’n aansoek om likwidering van HS19 ingedien, en in September 2011 het die HS-maatskappye se direkteure die maatskappye onder Ondernemingredding geplaas om die katastrofiese gevolge van likwidering te voorkom;

5.9 Mnr Hans Klopper is as die Ondernemingreddingspraktisyn (“die Praktisyn”) aangestel; met die hulp van ’n komitee wat uit adviseurs en beleggers bestaan het hy ’n transaksie met Orthotouch onderhandel wat basies op dieselfde as die oorspronklike “Orthotouch-transaksie” neerkom;

5.10 Die Praktisyn het daardie transaksie op 14 Desember 2011 aan die HS-beleggers voorgelê, en dit is deur die oorgrote meerderheid goedgekeur;

5.11 Die saboteurs het ten spyte van die ooglopende voordele vir HS-beleggers volgehou met hul pogings om die proses te kelder. Dít en die sukkelende ekonomie het dit vir Orthotouch moeilik gemaak om rente tydig en gereeld te betaal;

5.12 Desnieteenstaande het HS-beleggers 26 maande lank al hul rente ingevolge die Orthotouch-transaksie ontvang. Tot op hede is ’n bedrag van heelwat meer as R500,000,000.00 (vyf honderd miljoen rand) aan HS-beleggers betaal.

6 Ingevolge die Sakeplan, wat deel van die Ondernemingreddingsplan vorm, is altyd in die vooruitsig gestel dat Orthotouch die vryheid moet hê om eiendomme te ontwikkel, te verkoop, aan te koop en te herontwikkel om die Eiendomsportefeulje se waarde genoegsaam te laat toeneem om beleggers se kapitaal aan hulle te betaal. Daar was voortdurend inmenging en verdagmakery deur die saboteurs ten opsigte van Orthotouch se handelinge, wat Orthotouch se vermoë om die portefeulje te optimaliseer en die nodige befondsing te verkry, belemmer het. Desnieteenstaande kan die Orthotouch-direkteure met trots aankondig dat die batewaarde gehandhaaf is.

7 Die voorgestelde notering van Listco het die geleentheid geskep vir Orthotouch om ’n aantal eiendomme van die hand te sit wat moeilik was om te bestuur, en om ’n gedeelte van sy bates in kontant of aandele in ’n genoteerde maatskappy om te sit, wat likiditeit verhoog en die maatskappy in staat stel om sy portefeulje te vergroot.

8 Al beteken die Listco-transaksie dat rentebetalings op datum gebring sal kan word en dat daar ’n beter kans is om die einddoel te bereik, pas dit duidelik nie die saboteurs nie.

9 Die saboteurs het onlangs meer aktief geraak en daadwerklike pogings aangewend om beleggers vyandiggesind teenoor Orthotouch te maak.

10 HS-beleggers word versoek om die geheelbeeld in gedagte te hou en die resultate wat tot dusver behaal is te vergelyk met dit wat sou gebeur het as die saboteurs in hul doel geslaag het.

11 Die noteringsproses self is om verskeie redes vertraag, veral weens die veranderde wetgewing, maar dit is steeds aan die gang en word tans gefinaliseer. Die jongste teikendatum wat ons ontvang het, is ongeveer teen die einde van Julie 2013.

12 Totdat dit gebeur, sal ons voortgaan om alles in die stryd te werp om die betalings op datum te bring en u so volledig moontlik ingelig te hou.

13 Ten slotte vra ek u om in gedagte te hou, dat daar meer as 18 000 beleggers in die HS-maatskappye is, wat dit moeilik maak om al u navrae telefonies te hanteer. Ek vra dus dat u (sover moontlik) u navrae skriftelik per pos rig aan Postnet Suite 1132, Privaatsak X9, Benmore, 2010 of dit e-pos na theo@4sytebusiness.co.za.

14 Dankie vir u geduld en samewerking.

Die uwe

**CAS DE VILLIERS**
**Voorsitter**